ONTWIKKEL 'N SKOOL SE TAALBELEID

Pamflet 3

April 2024

Hierdie pamflet is in Tshivenḓa, isiXhosa, Sepedi, isiZulu, Sesotho, Afrikaans, Setswana, Xitsonga, siSwati, isiNdebele, Suid-Afrikaanse Gebaretaal en Engels beskikbaar.

Besoek www.bua-lit.org.za vir besonderhede.

ZENEX FOUNDATION

bua-lit language and literacy collective

Wat is 'n skool se taalbeleid?

'n Skool se taalbeleid is 'n dokument wat aandui watter tale vir die verskillende funksies by 'n skool gebruik word, soos onderrig, leer, assessering, buitemuurse aktiwiteite en administrasie. Dit bied 'n riglyn oor hoe die sprekers van verskillende tale in die skoolgemeenskap gerespekteer sal word. 'n Skool se taalbeleid neem voorraad van die skool se leer-en-onderrigondersteuningsmateriaal (LOOM) asook die assesseringshulpbronne en hoe dit saam gebruik kan word om kinders se vermoëns te ontwikkel om in meer as een taal te kommunikeer, verstaan, lees en skryf. Dit bied praktiese stappe oor hoe die onderliggende beginsels van tweetalige/veeltalige onderwys op skool toegepas kan word en gaan gepaard met 'n aksieplan vir implementering.

Wat is die inhoud van 'n skool se taalbeleid?

'n Skool se taalbeleid moet melding maak van: hoe die taal/tale van die skoolgemeenskap na waarde geskat sal word; wat die taal/tale van leer, onderrig en assessering (TLOA) is; watter tale as vakke aangebied sal word, en op watter vlak(ke); en watter tale vir eksterne en interne kommunikasie gebruik sal word. Die beleid moet 'n taalmodel vir die skool aanbeveel, byvoorbeeld dubbel- en/of parallelmediumklasse, of buigsame tweetaligheid/veeltaligheid. Dit moet ook 'n inventaris neem van die skool se taalhulpbronne soos biblioteekboeke, hulpbronsentrums en menslike hulpbronne en voorstelle maak oor hoe dit doeltreffend aangewend kan word.

Waarom is dit belangrik vir 'n skool om 'n taalbeleid te hê?

Dit is 'n vereiste dat elke skool 'n taalbeleid moet hê. Die proses om 'n taalbeleid saam te stel, moedig deurlopende besinning aan oor hoe om op sinvolle wyse te leer, te onderrig en te assesseer. Dit bied 'n basis vir gesonde verhoudings tussen leerders onderling en tussen leerders en onderwysers. 'n Taalbeleid bevorder die skool se kapasiteit vir verbeterde algehele prestasie, op voorwaarde dat leerders se huistale ingesluit word in die kurrikulum. Dit bring ook positiewe akademiese en sosiale veranderinge in die skool teweeg aangesien die atmosfeer meer inklusief is en daar groter aanvaarding vir diversiteit is.

Hoe word 'n skool se taalbeleid ontwikkel?

Die ontwikkeling van 'n skool se taalbeleid is 'n proses wat oorlegpleging met ouers, onderwysers en leerders behels oor die tale wat vir administrasie, onderrig, leer, assessering en buitemuurse aktiwiteite gebruik sal word. Oorlegpleging moet 'n eenvormige doel in die skoolgemeenskap bevorder, insluitend tussen ouers en onderwysers. Dit behels gesamentlike besinning oor gesindhede, oortuigings en praktyke wat met taal verband hou; insameling van feite om vas te stel watter taal/tale in die gemeenskap gebruik word, en om ouers, onderwysers en leerders in te lig oor en bewus te maak van die waarde wat dit inhou om twee of meer tale te gebruik en te leer. Die ontwikkeling van 'n skool se taalbeleid sluit besluitneming in oor hoe kinders veeltaligheid kan ontwikkel, en ook die formulering van 'n visie oor hoe die gebruik van tale tot sinvolle onderwys kan bydra. Die beleid verg formulering, aanvaarding, implementering, monitering en deurlopende hersiening.

Wie is betrokke by die ontwikkeling van 'n skool se taalbeleid?

Skole se beheerliggame word volgens wet verplig om 'n beleid te formuleer wat veeltaligheid bevorder. Ouers is deel van die besluitnemingsproses. Onderwysers en ander professionele persone lig die breër gemeenskap in oor die opvoedkundige waarde van tweetalige/veeltalige onderwys, insluitend moedertaalgebaseerde tweetalige onderwys (MTBTO). Onderwysers is die belangrikste agente vir die implementering van beleid en die lewering van die kurrikulum. Skoolbestuur en/of die beheerliggaam koördineer die samekoms van die verskillende rolspelers om die verskeie prosesse en take te bespreek.

Watter verskil kan 'n skool se taalbeleid aan die skoolgemeenskap maak?

'n Skool se taalbeleid kan lei tot 'n gedeelde visie by ouers, onderwysers en leerders oor die rol van taal in die leerproses asook 'n visie oor die gebruik van veeltalige taalhulpbronne. Dit kan geletterdheid by kinders bevorder en leerders se selfvertroue verbeter. Die beleid moet lei tot groter respek tussen sprekers van verskillende huistale en moet ook 'n gees van deelname tussen al die belangegroepe by die skool kweek.

Ons dank aan PRAESA vir toestemming om die inhoud van hul reeks pamflette uit 2008 te gebruik. Ons dank aan die Zenex-stigting wat die produksie van hierdie pamflette moontlik gemaak het.

Saamgestel deur Soraya Abdulatief, Xolisa Guzula, Ntombizanele Mahobe, Carolyn McKinney, Nadeema Musthan, Margie Probyn, Brian Ramadiro, Robyn Tyler en Zola Wababa.

Omslagontwerp deur Phumle April.
Ontwerp deur Fort Hartley Brand Consultants.

Vertaal deur Anita van Zyl.

ZENEX FOUNDATION

bua-lit
language and literacy collective